

KOMMUNIKAMMA



Teks vir die week: 1ste lydensweek – op pad na die kruis.

Joh:3 :17 *God het nie sy Seun na die wereld gestuur om die wereld te veroordeel nie, maar sodat die wereld deur Hom gered kan word.*

SAKE VIR GEBED:

*Willie Möller sterk tuis aan.

*Annatjie Vivier herstel na 'n groot motorongeluk. Bid ook vir haar man Philip.

*Irma Loots ontvang steeds behandeling.

*Cindy Ross is in die hospitaal vir behandeling.

*Ons bid vir almal wat geliefdes aan die dood moes afstaan in die afgelope tyd; ook vir verswakte bejaardes en vir hulle in versorgingseenhede. Dink aan hulle wat emosioneel en finansieel swaar kry.

*Ons bid vir al die droogte geteisterde gebiede in ons land en smek om uitkoms. Ons eie damme het water nodig. Ons dank die Heer vir gebiede waar dit goed gereën het.

*Bly aan bid vir Kleinskool en al die Noordelike gebiede wat daagliks die gevolge van bendegeweld beleef. Bid dat Christene hul lig daar sal laat skyn.

*Bid vir die kinders en personeel van MTR Smit kinderhuis.

***Imagine 29 – 31 Maart**

Ons bid vir die leiersgroep (onder leiding van Deon Els) om die leiding met entoesiasme en geesdrif te neem. Mag die Heilige Gees hul tree vir tree voorgaan.

***Kermis 1 Mei**

Ons bid vir al die praktiese reëlings, samewerking en oop hande en harte van die gemeente.

*** Bid vir Christene in Eritrea wat in verskriklike omstandighede aangehou word en vra God om hulle volharding te gee in hulle geloof.**

SONDAG 10 MAART – 6 APRIL 2019

08:30 Eietydse diens

Kleuterkerk

09:45 Kategese

10:00 Klassieke diens

Teebeurt vandag: Voetspore en Tulpe selle
Geen teebeurte gedurende vakansie

Deurdankoffer - Gemeentebediening

MAANDAG 11 MAART

12:45-14:00 Gebedskild in die gebedskamer.

DINSDAG 12 MAART

18:00 Dagbestuur vergadering.

Leefkerk.

VRYDAG 15 MAART

MANNEBYEENKOMS

05:00 By Elandré Bosch, Lilylaan 68.

SONDAG 17 MAART, 24 en 31 MAART

09:00 Gesamentlike diens.

LYDENSTYD

Ons staan stil by Jesus se lyding en sterwe in die 40 dae wat begin het by Aswoensdag en tot Vrydag 19 April 2019 strek. (Goeie Vrydag)

Dit is 'n tyd van hertoewyding en gebed, afsondering en stilte. Dit is ook 'n tyd van verootmoediging en skuldbelydenis

Die kruis is altyd 'n simbool, maar word in dié tyd beklemtoon. Die kruis moet nie versier word nie. Dit is moontlik om wel 'n doringkroon en spykers te gebruik of 'n kruis met doringdraad toegedraai.

'n Kandelaar met 7 kerse kan ook gebruik word. Elke Sondag word 'n kers doodgeblaas tot die laaste kers op Goeie Vrydag.

Ons wil julle uitdaag om in dié tyd te vas van 'n gewoonte bv TV kyk of soetgoed of iets wat nie jou gesondheid sal benadeel nie. Gebruik vastyd om te fokus op God.

VRUGTEMARK – BYBELGENOOTSAP

Op 16 Maart 2019 hou die Bybelgenootskap hul jaarlikse vrugtemark. Ondersteun ons asseblief.

Tyd: 07:30

Adres: Cotswoldlaan 31.

Hierdie is ons 21^{ste} bestaansjaar met hierdie projek. Daar sal lekker vars vrugte, groente en tuisgemaakte konfyt wees.

Vir navrae kontak: Clair/Anneke by 041-3641138.

#Imagine Movement, Mentorskraal Jeffreysbaai 29 – 31 Maart 2019

Hierdie komende vakansie is dit weer tyd vir #Imagine. Ons sien uit om elkeen van ons tieners (13-18 Jaar) wat nog nie daar was nie, daar te kry. Ons vra dat ouers en/voogde ons asb sal help om ons kinders by hierdie geleentheid te kry. Inskrywingsvorme sal by die kerkkantoor beskikbaar wees. Ons sal ook inskrywingsvorme kan epos, sou jy dit so verkies.
*Die kostes vir die naweek is R450 en sluit alle etes in.
*Ons benodig volwassenes wat kan help met verskeie take. Manne/vroue/gebedsgroepe van alle ouderdomme kan kom help. Kontak Deon by 072 2767 555.

KERMIS – WITOLIFANTTAFEL

Die Witolifanttafel is op soek na enige bruikbare artikels. Bring dit na die kantoor van Dinsdag tot Vrydag.

Daar word ook asb na konvenors gesoek vir die volgende: Speletjies.

Pryse word benodig vir die lotingsboekie kompetisie. Indien iemand weet van trofee jagters wat vleis sal skenk vir die kermis, kontak asb Hendré Potgieter, sel 083 459 2444.

NUWE INTREKKERS

Vul die groen vorm in die voorportaal in. U kan ook die kerkkantoor kontak by tel 041-3601484 of 'n e-pos aan Anita by admin@ngkraggakamma.co.za.

There4-Bedieninge

Janine en Therèse besoek die Midde-Ooste 24 April om vrouens te gaan bemoedig.

Jy kan deel wees van hierdie reis deur saam te bid; of op praktiese maniere betrokke raak deur van die volgende items te voorsien:

Bedsokkies, gehekelde kruisies, filterkoffie, boksies sjokolade en smarties, inkleurboeke, kryte, springtoue en tennisballe, asook kostuumjuwele. Kontant donasies om kospakkies te voorsien aan Christene wat deur ISIS ontwortel is.

Kontak gerus ons kantoor indien jy betrokke wil raak by 041-3601946.

VERBETERINGE AAN DIE KERKGEBOU

Die 1ste fase van verbetering aan die kerkgebou sluit die bou van 'n verhoog, verbetering aan die moederskamer en klank in. Kontrakteurs van 4 maatskappye het die afgelope week by die kerkgebou bymekaargekom. Tenders sluit 25 Maart 2019.

Daar word beplan dat die bouwerk tydens die Junie/Julie vakansie gedoen sal word. Terwyl die bouwerk gedoen word, sal alle eredienste in die saal plaasvind.

SKOENBOKSPROJEK WERKSWINKEL

Op Donderdag 14 Maart 2019 vanaf 17:00 – 19:00 kom almal wat wil help om skoenbokse te help verf, verpak ensovoorts bymekaar in konsistorie.

Die volgende items word nog benodig:

Kleurkartonne

Katoentou

Hout wasgoedpennetjies

Bottelproppies

Pypskoonmakers (gekleurdes)

Boontjiesakkies

Enige klein plastiekhouders/bakkies om proppies in te sit in skoenbokse, bv yogurtbakkies, klein margarien bakkies of klein aquasroom bakkies.

Rsvp asb vir Liesel by 083 381 4907 indien jy kan help.

MAART MALLIGHEID

n Baie groot dankie aan almal wat gehelp het om van Maart Malligheid so 'n groot sukses te maak.

Dit was 'n aand vol pret, pannekoek, stories en lekker kuier. Die kerk se "band" was 'n welkome byvoeging en almal het die aand baie geniet. Saam met die pannekoek en na die aftrek van die huur van die ligte het ons so ongeveer R5000 gemaak. Dit sal baie kinders help met skoolfonds en vervoerkostes.

Margita Marx

PRETLOOP TEN BATE VAN DIE EVANGELIE: 21 MAART

Elke jaar op menseregte dag, 21 Maart, is daar 'n pretloop by Londtpark sportgronde ten bate van Evangelisasie bediening in skole. Die pretloop is 5km of 8 km of as jy 'n bedrag wil gee om nie te loop nie, word dit ook aanvaar. Hierdie jaar probeer ons meer as ooit om meer mense te betrek. Daarom het ons selfs aanlyn inskrywings.

As loop nie pret is vir jou nie, skryf aanlyn in of maak net 'n donasie ten bate van die Evangelisasie bediening wat reeds 45 laerskole en 17 hoërskole in die Oos Kaap bereik. Die fondse wat ingesamel word, word aangewend om boekies, opleiding en Evangeliste te borg om die goeie nuus van Jesus Christus te versprei. Die mikpunt vir 2023 is om by 200 skole 'n bedieningspunt te hê waar jongmense en kinders hoor van Jesus Christus en 'n keuse vir Hom kan maak.

Kom geniet die dag saam met ons en maak 'n ewige verskil in 'n kind/jongmens se lewe.

Gebruik die skakels vir die inskrywingsvorm of donasies: www.ee3.org.za/funrun (vir inskrywings of donasies) of www.ee3.org.za/pay (vir donasies).